# KRUISGENOOT

22Junie 2025

## NGK RUSTENBURG-SUID

JESUS LEEF EN ONS MET HOM



# Kontak

071 436 0102
ngrbsuid@gmail.com
www.ngrustenburgsuid.co.za

NGRtbsuid

ABSA 122 058 012 8




Kaart fasiliteite in die kantoor beskikbaar

**KANTOORURE**
08:00 - 13:00

**SKRIBA**
Helena Heystek-De Klerk
071 436 0102

**LERAAR**
Ds Driaan Britz
083 232 4706
driaan@eeworks.org


# Bid vir mekaar

## Siek of in die Hospitaal

Marjorie Landsberg
Freddie Alberts
Bessie Ströh
Annatjie Smuts
Marie Nel
Jac van der Bergh
David Jansen van Vuuren
Lienke Venter
Wimpie Espach
Johann Espach
Marcel Derks
Fancis Jackson
Grietha Paxton
Ronel Clappen

# LEKKER VERJAAR

| | | |
|---|---|---|
| 22 Junie | - | MC De Jager |
| 25 Junie | - | Anita Meyer |
| 26 Junie | - | Christopher Mitchell |
| 26 Junie | - | Kitta Stassen (86) |
| 26 Junie | - | Jetro Willemse |




**Sweden**: Praise God for the ongoing work to complete a new Swedish translation of the New Testament by 2026. Pray for the editorial team and proofreaders, the upcoming translation conference at Stockholm University, and that this effort will produce a clear and culturally relevant Bible that inspires deeper engagement.
**Finland**: Pray for the Finnish Bible Society's efforts to strengthen global literacy work, particularly among women and non-dominant language communities. Praise God for their leadership in supporting Bible Societies through training and coordination. Pray that this initiative will empower effective literacy projects, enhance Bible Societies' impact and support churches in their mission worldwide.
**Norway**: Give thanks for the completion of the Southern Sami New Testament, decades in the making. The launch of this translation in August last year was a significant milestone for the Southern Sami community. Praise God for the translators' dedication and the Bible Society's efforts to restore this language through Scripture. Pray that these texts inspire hope and strengthen faith in their heart language.

# DAG VAN DIE HERE

DF O'Kennedy, GJ Steyn – ecke.co.za

DAG VAN DIE HERE kom as begrip sowel in die Ou as die Nuwe Testament voor.
Die frase "dag van die Here" (yôm YHWH) kom 15 keer in die Ou Testament voor waarvan 13 keer in die Boek van die Twaalf. Daar is talle ander woorde en frases wat dieselfde betekenis oordra, onder andere "dag van die oordeel van die Here", "op daardie dag" en "in daardie dae". Die Ou Testament getuig die volgende oor die "dag van die Here": dag van aanbidding (Hos 9:5; Sef 1:7); dag van oordeel, oorlog en verskrikking (Jes 13:6; Eseg 13:5; Amos 5:18-20); dag van vernietiging van Israel (Miga 2:4; Hab 3:16; Sef 1:9; Mal 4:1); dag van vernietiging van ander nasies (Ob 15); dag van kosmiese chaos (Joël 2:31); dag van vrede en voorspoed (Hos 2:18; Joël 3:18; Amos 9:13-15); dag waarop 'n nuwe Dawidiese koning of Messias na vore sal tree (Amos 9:11; Hag 2:23; Sag 3:8-10); dag waarop die skepping hervorm sal word (Sag 14:6-7). Bogenoemde elemente dui daarop dat daar nie 'n eenvormige perspektief op die dag van die Here is nie. In die algemeen kan ons sê dat by die ouer profete dit beskryf word as 'n dag waarop God sy volk gaan straf; by die later profete is dit 'n dag waarop God sy volk gaan bevry en die vyande van sy volk gaan straf.

Die Nuwe-Testamentiese skrywers het hierdie frase oorgeneem en ten opsigte van Jesus se wederkoms geïnterpreteer as 'n dag van hoop en vreugde vir gelowiges. Die frase "dag van die Here" kom 6 keer in die Nuwe Testament voor (Hand 2:20; 1 Tess 5:2; 2 Tess 2:2-3; 2 Pet 3:10; Op 1:10). Daar is ook ander frases met verwysing na hierdie dag soos onder andere "die dag wanneer Jesus Christus/die Here kom" (1 Kor 1:8; 3:13; 5:5; 2 Kor 1:14; 2 Tim 4:8) en die "groot dag van God" (Op 16:14). Hierdie dag word uitgebeeld as 'n dag van straf/oordeel óf 'n dag van seën; gevolglik is daar talle ooreenkomste met die Ou-Testamentiese konsep. Die dag is onverwags, "soos 'n dief in die nag", maar word voorafgegaan deur bepaalde tekens wat deur Christene onderskei behoort te word. Hemel en aarde sal deur vuur verteer word (2 Pet 3:10, 12). Hierdie vuur van oordeel reinig die sonde-deurdrenkte skepping, maar gelowiges wat verlossing deur Christus verkry het en volhard in hulle geloofslewe, word gered (2 Tim 1:12; 4:8). Hulle hoop is op 'n nuwe hemel en aarde (Op 21:1), hulle is in afwagting hiervan (1 Kor 16:22; 1 Tess 1:10; Op 22:20) en hoop dat dit nog in hulle leeftyd sal gebeur.

Die algemene Afrikaanse uitdrukking "dag van die Here" as verwysing na die Sondag kom nie direk in die Nuwe Testament voor nie. Op 1:10 is waarskynlik 'n verwysing hierna en Rom 14:6 verwys indirek hierna.


GENESIS
Bybelstudie
Woensdag 09:00


Word deel van die gebedsspan!
Kontak Maggie – 082 652 9260
'N KERK WAT BID
Jakobus 5:13-20


TYDENS EREDIENS
kinderkerk


Koffie en Tee
In die saal na die diens


Charitas
Social Care
Rustenburg
Section 18A Tax Relief Available
No child left without care, no family left without hope.
"Support Our Cause – Act with Kindness.
Scan to Donate and Make a Difference."


ONS NOOI ELKEEN VAN JULLE UIT OM DEEL TE WEES VAN ONS G-OM PROJEK – 'N PRAKTIESE MANIER OM LIEFDE EN HOOP UIT TE DRA. ONS FOKUS HIERDIE MAAND OP DIE INSAMELING VAN BLIKKIESKOS EN ANDER NIE-BEDERFBARE PRODUKTE OM BEHOEFTIGE GESINNE IN ONS GEMEENSKAP TE HELP.
MAAK 'N VERSKIL,
BLIKKIE VIR BLIKKIE
JOU BYDRAE, HOE KLEIN OOK AL, KAN IEMAND SE DAG (OF WEEK!) VERANDER. KOM G-OM SAAM MET ONS. GEE OM, GEE KOS, GEE HOOP.
Wat om te bring:
1. Blikkiesgroente, vis of vleis
2. Pasta, rys, soppoeier
3. Enige nie-bederfbare produkte met 'n lang raklewe
WAAR: PRODUKTE KAN BY DIE KERK AFGELAAI WORD TYDENS ENIGE DIENS OF KANTOORURE.
SLUITINGSDATUM: 27 JUNIE 2025
*VIR MEER INLIGTING KONTAK DIANNE VAN DER WESTHUIZEN 083 407 5638
agapégemeente
Kom soos jy is